HANDVES VAN MENSEREGTE

GELYKHEID
Almal is gelyk voor die reg en daar kan nie onregverdig,teen hulle gediskrimineer word nie.

MENSWAARDIGHEID
Almal het inherent menswaardigheid wat gerespekteer moet word.

LEWE
Almal het die reg op lewe.

REG EN VEILIGHEID VAN DIE PERSOON
Jy het die reg om nie fisies sonder verhoor aangehou te word of op enige manier misbruik te word nie.

SLAWERNY, KNEGSKAP EN DWANGARBEID
Jy kan nie aan slawerny of dwangarbeid onderwerp word nie.

PRIVAATHEID
Jou reg op privaatheid sluit jou liggaam, huis en besittings in.

VRYHEID VAN GODSDIENS, GELOOF EN MENING
Jy het die reg om te dink, glo en te aanbid.

VRYHEID VAN SPRAAK
Jy het die reg om te sê, lees en studeer wat jy verkies, maar haatspraak word nie toegelaat nie.

VERGADERINGS, BETOGINGS, STAKINGS EN PETISIES
Jy het die reg om vreedsaam te vergader, betoog en protes aan te teken.

VRYHEID VAN ASSOSIASIE
Jy het die reg om met enige iemand te assosieer.

POLITIEKE REGTE
Jy kan 'n politieke party stig, kandidaat wees en in vrye en regverdige verkiesings vir enige party stem.

BURGERSKAP
Geen burger kan van burgerskap ontneem word nie.

VRYHEID VAN BEWEGING EN INWONING
Jy het die reg om die Republiek na willekeur te betree of te verlaat.

VRYHEID VAN HANDEL, BEROEP EN PROFESSIE
Jy het die reg om enige wettige handel of beroep vrylik te kies.

ALL HIERDIE WETTE IS ONDERWORPE AAN DIE LANDSWET, MAAR GELD VIR ALMAL WAT IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA WOON.

ARBEIDSBETREKKINGE
Elke werker en werkgewer het die reg om te organiseer en te onderhandel vir die bevordering van hulle doelwitte.

OMGEWING
Jy het die reg om in 'n beskermde, gesonde omgewing te bly.

EIENDOM
Niemand kan van eiendom weerhou word nie, buiten ingevolge algemene wetstoepassing.

BEHUISING
Jy het die reg om toegang tot voldoende behuising te hê.

GESONDHEIDSORG, KOS, WATER EN BESTAANSEKERHEID
Jy het die reg om toegang tot gesondheidsorg, voldoende kos en water en bestaansekerheid te hê.

KINDERS
Elke kind het die reg op 'n naam, nasionaliteit en beskerming teen misbruik en uitbuiting.

ONDERWYS
Jy het die reg om basiese onderwys te ontvang in die amptelike taal van jou keuse waar sodanige onderwys redelik uitvoerbaar is.

TAAL EN KULTUUR
Jy het die reg om die taal van jou keuse te gebruik en jou eie kultuur te beoefen.

KULTURELE, GODSDIENSTIGE EN TAALGEMEENSKAPPE
Jy het die reg om kulturele, taal- en godsdienstige groepe van jou eie keuse te stig, aan te sluit by en te handhaaf.

TOEGANG TOT INLIGTING
Jy kan toegang verky tot enige inligting wat deur die staat gehou word vir die beskerming van jou regte.

REGVERDIGE ADMINISTRATIEWE OPTREDE
Jy het die reg tot administratiewe optrede wat wettig, redelik en waarvan die prosedure billik is.

TOEGANG TOT HOWE
Jy het die reg om jou regsgeskille in 'n hof of enige ander onpartydige tribunaal op te los.

PERSONE WAT IN HEGTENIS GENEEM, AANGEHOU EN AANGEKLAGTE IS
Wanneer jy in hegtenis geneem word vir 'n beweerde oortreding, het jy die reg om stil te bly, om binne 48 uur voor die hof gebring te word en die reg op regsverteenwoordiging.

BEPERKING VAN REGTE
Almal se regte kan beperk word. Die beperking behoort in so 'n mate op almal van toepassing te wees dat dit redelik en regverdigbaar in 'n oop en demokratiese samelewing, gegrond op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, is.

VERANTWOORDELIKHEDE
Alle burgers is eweneens onderworpe aan die pligte en verantwoordelikhede van burgerskap.

the doj & cd
Department:
Justice and Constitutional Development
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

STAND TOGETHER FOR RIGHTS
Juayela i Justice